higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT BEROEPSGERIG

INLEIDING TOT STAATSBESTUUR
NKR VLAK 2

27 Februarie 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Waar
1.3 Onwaar
1.4 Waar
1.5 Onwaar
1.6 Onwaar
1.7 Waar
1.8 Waar
1.9 Waar
1.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Indirekte demokrasie
2.2 Staatsbestuur
2.3 Konstitusionele Hof
2.4 1988
2.5 regering
2.6 drie sfere
2.7 grondwet
2.8 Basiese vryheid
2.9 parlement
2.10 wetgewer

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 D
3.2 G
3.3 H
3.4 I
3.5 J
3.6 C
3.7 B
3.8 F
3.9 A
3.10 E

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Aanspreeklikheid is een van die basiese beginsels onderliggend aan die konstitusionele demokrasie van Suid-Afrika.✓ Dit beteken dat 'n persoon of organisasie verantwoordelik is vir sy of haar optrede✓ en om dit te verduidelik indien gevra. In die geval van die Suid-Afrikaanse regering beteken dit dat die regering verantwoordelik is vir die uitwerking van sy optrede✓ en bereid moet wees om dit te verduidelik of om daarvoor gekritiseer te word.✓ Die regering moet inligting aan die mense van Suid-Afrika verskaf oor wat dit doen en hoe dit belastingbetalers se geld bestee.✓ Dit is die rede waarom ministers wat staatsdepartemente verteenwoordig gereeld aan die parlement verslag moet doen.✓ (6)

4.2 Maatskaplike regte is menseregte✓ wat waarborg dat die regering✓ die basiese noodsaaklikhede✓ soos water en behuising sal voorsien.✓ Ekonomiese regte waarborg dat die regering✓ sal verseker dat alle werkers op 'n regverdige manier behandel word.✓ Vir hierdie soort regte het mense gevoel dat die regering sekere positiewe optrede benodig om te verseker dat mense toegang tot hierdie regte het.✓ (4 + 4) (8)

4.3
- Konsitusionele Hof
- Hoogste hof
- Hoë hof
- Landdroshof
- Tradisionele hof
- Aantal ander howe, soos die hof vir klein eise (6)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

5.1 Ja✓ – Wanneer mense ontevrede is met die regering se response het en sal hulle die reg hê om met 'n protes te reageer.✓ (2)

5.2 Ja – Die gemeenskap het oor elektrisiteit geprotesteer.✓
Nee – Sommige van die gemeenskaplede het die protes as 'n verskoning gebruik om die winkels te plunder.✓ (2)

5.3
- Openbare geweld
- Diefstal
- Viktimisering
- Intimidasie (Enige 2 × 1) (2)

5.4 Menseregte verwys na daardie regte wat deur alle mense gedeel word.✓ ’n Mensereg stel ’n persoon in staat om iets te doen, byvoorbeeld die reg om in ’n verkiesing te stem.✓ Basiese/fundamentele vryhede is daardie vryhede wat basies vir die bestaan van alle mense is.✓ Vryheid beteken die vermoë om te doen wat ’n persoon wil doen sonder om deur enigeen beheer of beperk te word.✓ (2 + 2) (4)

5.5 Responsiwiteit beteken om vinnig✓ op ’n positiewe manier op iets te reageer.✓ In die geval van die regering moet hy vinnig en positief op die behoeftes van Suid-Afrikaners reageer.✓ In die geval van ’n ernstige droogte, byvoorbeeld, moet die regering boere help.✓ Wanneer mense ontevrede is met die response van die regering, sal hulle met protes reageer✓ en dit beïnvloed die geloofwaardigheid van die regering en plaas hom in gevaar om nie weer verkies te word nie.✓ (6)

5.6
- Verskaffing van demokratiese en aanspreeklike regering✓ aan almal in die munisipaliteit✓
- Verskaffing van basiese dienste soos elektrisiteit, water en sanitasie aan alle gemeenskappe✓
- Bevordering van die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling✓ van mense in die munisipaliteit✓
- Bevordering van ’n omgewing wat veilig en gesond is vir die mense wat daar woon✓
- Om toe te sien dat alle gemeenskappe en ander groepe✓ soos godsdienstige groepe, aan plaaslike sake deelneem✓ (9)

5.7
- Dienste moet op ’n gelyke grondslag aan Suid-Afrikaners gelewer word.
- Aandag moet aan die behoeftes van Suid-Afrikaners gegee word.
- Die publiek moet deelneem aan besluite wat hulle raak, byvoorbeeld om te besluit waar ’n nuwe pad gebou moet word.
- Deursigtigheid is deel van alle bedrywighede.
- Inligting oor die regering se bedrywighede moet aan almal verskaf word. (5)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 6

6.1

- Grondwetlike sake: 'n Grondwetlike saak sluit in enige saak wat die betekenis, beskerming en toepassing van die grondwet behels.✓ Dit sluit die Handves van Menseregte in.✓ Die Konsitusionele Hof is ingestel ingevolge die grondwet en is die hoogste hof wat sake van konstitusionele aard aanhoor.✓ Konsititusionele sake sluit in die verhouding tussen die staat sy die burgers,✓ waaronder wetgewing wat verkiesingsbedrywighede en die gedrag van die staatswerknemers en -instellings beheer.✓

- Kriminele sake: 'n Kriminele saak sluit enige kwessie in waar 'n persoon daarvan verdink word dat hy/sy 'n misdaad gepleeg het.✓ Sulke sake word deur die SAPD ondersoek.✓ As genoeg bewyse gevind word, word sodanige persoon vervolg en word hy/sy die beskuldigde genoem.✓ In 'n kriminele hofsaak moet die staat bewys dat die beskuldigde verantwoordelik vir die misdaad was.✓ Die beskuldigde kan getuig dat hy/sy nie skuldig bevind behoort te word nie.✓

- Siviele sake: 'n Siviele saak sluit enige saak in waar twee of meer mense verskil oor of die regte van een van hulle deur iemand se optrede geraak is.✓ Die persoon teen wie die saak aangehoor word, word die verweerder genoem.✓ Die eiser moet sy/haar saak bewys.✓ Die verweerder mag bewyse toon van waarom die eis nie suksesvol mag wees nie. Sodra die hof die argumente van albei partye aangehoor het (dit is, die eiser en die verweerder) word 'n uitspraak gelewer.✓ Die hof sê ook wie die koste van die prokureurs moet betaal.✓ (3 × 5) (15)

6.2 Die hoogste en belangrikste hof in Suid-Afrika is die Konstitusionele Hof.✓ Dit bestaan uit 'n president,✓ vise-president✓ en nege ander regters.✓ In al die gevalle wat voor die Konstitusionele hof kom, moet minstens agt regters betrokke wees om die saak te oorweeg.✓ (5)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou